



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
OPSIONELE SPOED-/AKKURAATHEIDSVRAESTEL
FEBRUARIE/MAART 2010
MEMORANDUM EN SPOEDTELLING**

PUNTE: Nie van toepassing nie

Hierdie memorandum bestaan uit 4 bladsye.

OPSIONELE VRAAG: SPOED/AKKURAATHEID

Die maksimum aanslae vir hierdie vraag = 3 250 aanslae vir 65 wpm in 10 minute.

Dit word sterk aanbeveel dat die 'Edutrap'-spoedmerksagteware gebruik word om die Spoed-/Akkuraatheidsvraag te merk.

Indien die 'Edutrap'-spoedmerksagteware nie gebruik word nie, maak gebruik van die onderstaande inligting.

Om 'n spoed te bepaal, merk volgens die volgende merkskedule:

Dieselfde voorbeeld is op bladsy 36 van die Vakassesseringsriglyne (Januarie 2008):

Hoeveelheid aanslae wat in tien minute ingesleutel is	= 2 125
Bruto woorde (hoeveelheid aanslae wat ingesleutel is, gedeel deur 5) (5 aanslae = een woord)	= $2\,125 \div 5 = 425$
Min aantal woorde met foute (d.i. 7 woorde met foute)	= -7 van 425
Gelyk aan netto aantal woorde sonder foute	= 418
Gedeel deur die tyd (tien minute)	= $\div 10$
Gelyk aan die netto korrekte woorde per minuut	= 41,8 wpm

Addisionele notas:

Indien enige woorde uitgelaat of bygevoeg is, dan tel elke 5 aanslae van die uitlating of die byvoeging as een woord, bv. indien die volgende woorde uitgelaat is, dan word dit so getel:

The |quick| brow|n fox| jump|s
1 | 2 | 3 | 4 | 5 |words

'n Hoofletter tel as twee aanslae.

LET WEL: Die opsionele spoed-/akkuraatheidsvraag moet slegs gemerk word waar die kandidaat 20 wpm of meer kon bereik (1 000 aanslae of meer).

INHOUD						Bokas/ lynsparies	Aanslae	Totale aanslae
Dit is moeilik om te dink dat jy gestremd kan raak. Ongelukke en siektes kan met enigeen te enige tyd gebeur. Gestremdheid is meer algemeen as wat jy dink.						2	63	65
						1	62	128
						2	32	162
Studies het bewys dat drie uit tien werkers wat die werkmag vandag betree, gestremd sal raak voordat hulle aftree. Daar word ook voorspel dat een uit sewe werkers kan verwag om vir vyf jaar of meer voor aftrede gestremd te wees.						1	60	223
						1	61	285
							61	346
						2	47	395
Gestremdheid kan 'n gesin se spaargeld dreineer en hulle finansiële sekuriteit bedreig. Wanneer jy gestremd is, verloor jy nie net jou vermoë om jou brood te verdien nie, jy kan ook jou spaargeld, jou aftreefondse en jou huis verloor. 'n Onlangse studie het bevind dat meer as die helfte van persoonlike bankrotskappe en terugneem van huise as gevolg van gestremdheid voorkom.						1	57	453
						4	64	521
						3	62	586
							57	643
						1	55	699
Baie mense wat gestremd geraak het, vind dat hulle inkomste skielik afneem of ophou sonder die vermoë om hulle rekeninge te betaal. As jy gestremd raak, sal jy jou huishuur of lening kan betaal, met jou motorpaalement byhou, of kan aanhou om bydraes tot jou spaarrekening te maak? Die meeste mense is te besig, of hulle dink nie daaraan dat dit met hulle kan gebeur nie.							63	762
						2	21	785
						1	60	846
						3	61	910
						1	63	974
Daar is ook mense wat van betaaldag tot betaaldag leef en min of geen geld oor het nadat hulle hulle alledaagse uitgawes gemaak het nie. Om vooruit te beplan maak goeie sin. Die opbou van 'n persoonlike finansiële sekuriteitsplan kan jou help om 'n idee te kry van die finansiële swaarkry wat gestremdheid vir jou en jou gesin kan veroorsaak. Dit kan jou ook help om beter voorsiening te maak vir die ondenkbare.							59	1033
						2	63	1098
							62	1160
						2	4	1166
Daar is ook mense wat van betaaldag tot betaaldag leef en min of geen geld oor het nadat hulle hulle alledaagse uitgawes gemaak het nie. Om vooruit te beplan maak goeie sin. Die opbou van 'n persoonlike finansiële sekuriteitsplan kan jou help om 'n idee te kry van die finansiële swaarkry wat gestremdheid vir jou en jou gesin kan veroorsaak. Dit kan jou ook help om beter voorsiening te maak vir die ondenkbare.						1	62	1229
							59	1288
						2	72	1362
						3	47	1412
						3	55	1470
						1	63	1634
						2	57	1593

20 wpm

INHOUD	Bokas/ lynsplasies	Aanslae	Totale aanslae
Terwyl dit uiters belangrik is om voorbereid te wees in die geval van gestremdheid, is dit selfs beter om te probeer om die moontlikheid in die eerste plek te vermy. 'n Gesonde leefstyl sal jou kanse om gestremd te raak, verminder. Hier is goeie raad wat jy kan volg en as jy aanhou lees, sal jy sien wat bedoel word.	1	60	1654
		60	1714
	1	58	1773
	1	64	1838
		61	1899
	2	16	1917
Jy moet jou dokter besoek. Bykomend tot behandeling wanneer jy siek is, kan jou dokter jou help om gesond te bly. Laat jou gereeld ondersoek. Indien sekere mediese toestande in jou familie voorkom, moet jy seker maak dat jy die voorgestelde gesondheidsondersoeke kry. Vra jou dokter hoe dikwels jy vir kanker ondersoek moet word. Jy mag dalk op 'n jonger ouderdom begin met die toetse indien jy sekere risikofaktore of 'n familiegeskiedenis van kanker het.	2	53	1972
		63	2035
	2	64	2101
		51	2152
	1	60	2213
	1	59	2273
		57	2330
	2	54	2386
Rook en drink kan die kwaliteit van jou gesondheid belemmer. Rook word met sekere ernstige siektes soos kanker, hartsiektes en beroerte verbind. Indien jy 'n roker is, is dit jou eerste prioriteit om te probeer ophou. Vermy oormatige drink. 'n Swaar drinkgewoonte kan tot lewerskade en ander gesondheidsrisiko's lei.	1	62	2449
	1	63	2513
	1	63	2577
	1	60	2638
	1	48	2687
	2	24	2713
'n Bietjie ekstra gewig kan 'n stremming op jou hart plaas, jou bloeddruk verhoog en die risiko van 'n hartaanval beduidend verhoog. Jy moet dus jou gewig dophou en dit vermy om kosse te eet wat 'n groot vetinhoud het. Eet genoeg hoë vesel, vrugte en groente wat ryk is aan nutriënte.	1	60	2774
		54	2828
	1	62	2891
	1	56	2948
	8	54	3010
Om fisies aktief te bly is 'n belangrike deel van 'n gesonde leefstyl. Oefening voorkom hartsiektes, kanker, hoë bloeddruk en oorgewig. Daar word aanbeveel dat jy ten minste vier maal per week dertig tot sestig minute oefen. Deur te strek	1	61	3072
	4	63	3139
	1	62	3202
	1	56	3259

